

AFSKEID VAN APARTHEID - DIE POLITIEKE KOERS VAN DIE TYDSKRIF *WOORD EN DAAD* IN DIE PERIODE 1967-1990

P. de Klerk*

SUMMARY

*The journal **Woord en Daad** ("Word and Action"), which discussed political and social issues from a Christian perspective, supported the policy of apartheid until the mid-seventies. The editors regarded this policy as a logical consequence of a view which they based on the Bible and in which nations (or peoples) occupy a very important place. The journal advocated the rapid development as well as the territorial expansion of the so-called black homelands. By the end of the seventies it was realized that this policy was no longer feasible. **Woord en Daad** always condemned all forms of discrimination, but initially did not regard most apartheid measures as discriminatory. In later years the journal condemned discriminatory laws in stronger terms, but still supported government policy in general. In a very cautious way **Woord en Daad** prepared its readers, who were mostly Afrikaans-speaking and members of the Reformed ("Dopper") Church, for the radical political changes of the nineties.*

1. INLEIDING

Die term **apartheid** het tans, in Suid-Afrika en in die res van die wêreld, 'n baie negatiewe konnotasie en sommige Afrikaanse kerke het selfs skuld oor hul aandeel aan die uitvoering van die apartheidsbeleid bely. Tog was die voorstanders van hierdie beleid hoofsaaklik mense met sterk Christelike oortuiginge. In 'n vorige artikel (P de Klerk, 2000) is nagegaan hoe die tydskrif **Woord en Daad**, waarin politieke en maatskaplike vraagstukke vanuit 'n Christelike perspektief bespreek is, die apartheidsbeleid in die periode 1954 tot 1966 op Christelike gronde verdedig het.

Soos die regering en soos ander Afrikaanse koerante en tydskrifte, het **Woord en Daad** vanaf die sewentigerjare geleidelik sy siening oor apartheid gewysig. In 1971 nog is in 'n redaksionele artikel verklaar: "**Woord en Daad** neem saam met die regering standpunt in teen liberale tendense en eise in ons verhoudingspolitiek;

* Vakgroep Geskiedenis, PU vir CHO (Vaaldriehoekcampus).

ons is pleitbesorgers vir afsonderlike ontwikkeling in al sy aspekte; ons stel ons duidelik teen 'n openlike en versluiserde integrasiepolitiek." (Anon 1971d :2.)

Hierna het die politieke standpunt van **Woord en Daad** geleidelik verander. Teen die vroeë tagtigerjare het die besef dat apartheid as oplossing vir Suid-Afrika se probleme misluk het, in redaksionele kolomme en artikels na vore begin kom en is daar toe verklaar dat daar nie 'n aanvaarbare alternatief was vir 'n meerderheidsregering, wat die bevolkingsamestelling van die land weerspieël nie (vgl. LM du Plessis 1982a 3; JH Coetzee 1983:7). As blad met 'n Christelike grondslag moes **Woord en Daad** hierdie politieke koersverandering vanuit 'n Christelike beskouing motiveer. In hierdie artikel sal kortliks nagegaan word hoe die besef dat die apartheidsideale onhaalbaar en apartheid op Christelike gronde onaanvaarbaar was, geleidelik tot die redaksie deurgedring het, en op watter wyse te werk gegaan is om die lesers tot ander insigte te bring.

Aangesien die Suid-Afrikaanse regering teen 1990 die onafwendbaarheid van ingrypende politieke verandering aanvaar het en die blad vanaf hierdie tyd nie meer baie gereeld verskyn het nie¹, word in hierdie artikel slegs op die periode tot 1990 gelet. Die tydskrif is in die jare van 1967 tot 1990 maandeliks in Potchefstroom uitgegee² en die hoofredakteurs in hierdie periode, proff. WJ Snyman (tot 1970), JH Coetzee (1970-1981), LM du Plessis (1981-1986) en J van der Elst (vanaf 1986), was akademië wat aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verbonde was. Die blad het egter nie die amptelike standpunt van die universiteit verteenwoordig nie. Dit was die spreekbuis van die Afrikaanse Calvinistiese Beweging (ACB), wat in 1983 herdoop is tot die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika (REBSA). Die lede van hierdie beweging was, veral tot in die vroeë tagtigerjare, oorwegend, maar nie uitsluitend nie, lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (Vorster 1980:12). **Woord en Daad** was in sommige kringe bekend as "die stem van Potchefstroom" (CJ Coetzee 1998:281), maar, soos veral uit lesersbriewe in die vroeë tagtigerjare blyk, het die politieke verdeeldheid onder Afrikaners sedert die stigting van die Herstigte Nasionale Party (1969) en die Konserwatiewe Party (1982), meegebring dat dit beslis nie meer verteenwoordigend van alle Potchefstroomse akademië was nie. In 1982 het FW de Klerk, toe 'n kabinetsminister, verklaar dat baie stemme uit Potchefstroom opklink, en dat daar nie meer, soos vroeër, 'n helder en duidelike stem is nie, maar eerder 'n "kakofonie van stemme" (Anon:1982:4).

¹ Die blad verskyn tans kwartaaliks.

² Die jaargange is nie altyd korrek genommer nie, en soms is twee jaar lank dieselfde jaargangnommer gebruik. Aan elke uitgawe (nommer) van die blad wat verskyn het, is ook 'n aparte nommer toegeken. In die periode van Januarie 1967 tot Desember 1990 het altesaam 277 uitgawes verskyn, genommer van 55 tot 331.

Daar is in elke nommer van **Woord en Daad** (wat in 1987 'n tweetalige blad, bekend as **Woord en Daad/Word and Action**, geword het), aangedui dat slegs die redaksionele artikel die standpunt van die redaksie weerspieël. Daar word veral aan hierdie artikels aandag gegee. Hoewel **Woord en Daad** hom beywer het vir konstruktiewe debat (vgl. LM du Plessis 1986a:2) en daar soms uiteenlopende standpunte in die blad gestel is, is baie van die artikels oor politieke onderwerpe geskryf deur redaksieledes³ en ander persone wat hulle duidelik met die politieke koers van die blad geïdentifiseer het, daarom word ook hierdie artikels in beskouing geneem.

Die algemene politieke ontwikkelinge van 1967 tot 1990 in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld, wat die agtergrond vorm waarteen die beskouing in **Woord en Daad** bekyk moet word, is goed bekend. Dit word in historiese oorsigswerke (o.m. Liebenberg 1993) behandel en word daarom nie hier bespreek nie. Dit ly geen twyfel nie dat die geleidelike verandering van die redaksie se beskouing oor die prinsipiële juistheid van die apartheidsbeleid en oor die moontlike oplossings vir Suid-Afrika se politieke vraagstukke deur die veranderinge in die wêreld waarin hul geleef het, beïnvloed is. Tog, soos verder in die artikel sal blyk, is steeds ernstig oor prinsipiële aspekte besin en het die redaksieledes gepoog om op grond van hulle oortuigings rigting aan te dui.

2. **WOORD EN DAAD SE VOLKSBEKOUING**

Die feit dat **Woord en Daad** nog tot diep in die sewentigerjare in die apartheidsbeleid dié oplossing vir die land se vraagstukke gesien het, ten spyte van toenemende wêreldwye kritiek en ten spyte daarvan dat die tuislandbeleid nie uitgevoer is soos die redaksie dit wou hê nie, hang nou saam met die besondere rol wat die volksbegrip speel in die grondliggende beskouinge wat in hierdie jare in **Woord en Daad**-artikels na vore kom.

In die sestiger- en sewentigerjare kom dit uit die inhoud na vore dat die Afrikanervolk en sy belange vir die redaksie van baie groot betekenis is. In 'n artikel van 1969 (Anon 1969b:1) word die Afrikaner as 'n volk wat "feitlik nitsluitend ras-homogeen" is beskryf en kleurlinge dus per definisie uitgesluit; trouens daar word in die artikel nie eers na hulle verwys nie. Daar word wel aanvaar dat daar binne die Afrikanervolk verskeidenheid bestaan, en dat almal, onder meer, nie Calviniste is nie. Pogings om Afrikaneridentiteit presies te omskryf, word afgewys

³ Tot in 1978 is die naam van die outeur nie geplaas by artikels wat deur redaksieledes geskryf is nie. Sulke artikels word as Anon aangedui. Potchefstroomse Universiteit vir CHO, 1986, bevat 'n lys van JH Coetzee se geskrifte, insluitende artikels wat anoniem in **Woord en Daad** verskyn het. Dié artikels word hier met Coetzee as outeur aangedui.

(JH Coetzee 1969b:3,8; Anon 1971a:9-11). Tog, as "ideaalstelling, ook vanuit ons tradisie en vanuit die Waarheid van God, word alle Afrikaners geroep om die Calvinisme as die hart van ons identiteit aan te gryp" (Anon 1971a:11). **Vir Woord en Daad** is die begrip "Christelik-nasionaal" dan ook baie belangrik. Daar word erken dat die begrip soms verkeerd gebruik word (JH Coetzee 1972c:5,6). **Woord en Daad** verstaan daaronder "dat die nasionale in al sy aspekte onderhewig is, gelei word, gestruktureer moet word deur die Christelike beginsel" (JH Coetzee 1972f:2).

JH Coetzee, wat in Suid-Afrika bekendheid as volkekundige en sosioloog verwerf het (vgl. Maritz 1986:1-7), was sedert die vyftigerjare redaksielid en vanaf 1970 elf jaar lank redakteur van **Woord en Daad**. Hy het 'n besondere waarde aan die volksbegrip geheg. In 1969 hou hy die volkstaat voor as die ideale staatsvorm vanuit 'n Calvinistiese oogpunt. Hy meen dat in so 'n staat 'n groter mate van geregtigheid verwesenlik kan word as in 'n staat wat verskillende volksgroepe moet huisves. Waar so 'n staat nie moontlik is nie, moet ander groepe so geakkommodeer word dat "geregtigheid geskied sonder om die volk van die land 'n onreg aan te doen" (JH Coetzee 1969b:3). Die begrip "volk van die land" word nie verder verduidelik nie. Hy meen dat Engelssprekendes saam met die Afrikaners deel vorm van die Suid-Afrikaanse nasie en dat hulle moontlik in die toekoms "saam met die Afrikaners die eventuele Suid-Afrikaanse volk sal vorm" (JH Coetzee 1969b:3). 'n Suiwer Afrikanerstaat is egter 'n onuitvoerbare droom (JH Coetzee 1972a:4). Die swart mense bestaan uit verskillende volke en daarom is dit die aangewese weg om vir die swart volke 'n "onafhanklike volksbestaan in hul eie vaderlande" te probeer bewerkstellig (JH Coetzee 1970:16). Dié beskouing word op Bybelse gronde gemotiveer. Nadat die Bybelteks "die Here gee aan elke volk sy land sodat hulle Hom soek" (Hand. 17:26,27) aangehaal word, word verduidelik:

"....die Here wil dat sy koninkryk, wat Jesus Christus reeds gebring het, ook onder en deur die volke as sodanig in hulle eie vaderlande geopenbaar moet word. Ons word geroep om die Bantoes in Suid-Afrika daarin te help.... Daarvoor word die nodige offers gevra, nie deur ons nie en nie deur die regering in die eerste instansie nie, maar deur God self." (JH Coetzee 1970:16.; vgl. Anon 1968a:1.)

Uitgaande van die siening dat volke 'n besondere plek in die skepping beklee, word 'n beleid van integrasie wat moet uitloop op die opheffing van die volkeverskeidenheid op prinsipiële gronde afgewys (Anon 1971b:7). Hoewel JH Coetzee die bestaan van rasseverskille nie as onbelangrik afmaak nie, lewer hy skerp kritiek op die rasse-argumente wat AP Treurnicht en andere gebruik ter motivering van hul opvattinge. Hy kritiseer Treurnicht omdat hy in sy boek **Credo van 'n Afrikaner** (1975) "verbastering" van Afrikaners met swart mense sien as 'n verloëning van Afrikaneridentiteit, maar geen besware het dat Nederlandse en Duitse immigrante

die land binnekom en met Afrikaners vermeng nie (JH Coetzee 1976a:17). Apartheid word dus deur die **Woord en Daad**-redaksie gesien as 'n logiese uitvloeisel van die bestaan van volkeverskeidenheid, hoewel erken word dat apartheid veral daarop gemik is om Afrikanervryheid te verseker (JH Coetzee 1980a:3).

In artikels van JH Coetzee (1983, 1989) wat in die tagtigerjare verskyn het, word aanvaar dat 'n regering aan bewind kan kom wat moontlik onverskillig en selfs vyandig teenoor die Afrikaner kan staan. In die geval van "dreigende politieke ondergeskiktheid en volksmiskening" (JH Coetzee 1983:7) is dit van die grootste belang dat Afrikanerskap gehandhaaf en uitgebou word. In 1980 gee hy aan swart mense wat stry vir politieke mag die raad dat hulle van 'n eenheidstaat onder die bewind van 'n "ongedifferensieerde meerderheid" moet vergeet; wanneer "die roes van oorwinning afgeslyt het", sal Zoeloenskap, Tswanaskap, ensovoorts, weer sterker na vore kom (JH Coetzee 1980b:3). In 1989 kom daar tog nuwe aksente in sy visie ten opsigte van die rol van volke in 'n toekomstige Suid-Afrika na vore. Hy meen dat, as gevolg van 'n proses van verwestering en kultuurverandering by die volke van Afrikaherkoms, die verskillende groepe in Suid-Afrika geleidelik nader aan mekaar sal beweeg, soos dit in lande soos Switserland en die VSA gebeur (JH Coetzee 1989:4).

Die eerste tekens van 'n verandering in die volksbeskouing van die ACB, en daarmee van sy mondstuk, **Woord en Daad**, kan aan die begin van die tagtigerjare opgemerk word. Op 'n ACB-kongres word gewaarsku teen die oorbeklemtoning van groepsbelange (Anon 1981a:12) en die destydse redakteur van **Woord en Daad**, LM du Plessis, bevraagteken die gedagte dat 'n volkstaat noodwendig die ideale staatsvorm is (LM du Plessis 1982c :15). In 'n redaksionele artikel skryf hy:

"Juis wanneer Afrikanerskap 'n té sentrale rol in 'n mens se lewe begin inneem, vrees jy sy verlies die meeste...Verplaas 'n mens egter jou vertroue vanaf 'ons Afrikanerskap'...na die belofetrou van dié God wat ons in Suid-Afrika tot sy diens roep, dan verander die totale prentjie dramaties...Kleurvooroordele word gerelativeer en 'n mens besef dat die uitbouing en ontwikkeling van Afrikaneridentiteit nie die taak van die witvelliges alleen hoef te wees nie. Afrikaans en Afrikaansheid is een besondere vergestaltung van Afrikagebondenheid...." (LM du Plessis 1984:2.)

Ná 1975 kom die term "Christelik-nasionaal" byna nie meer voor wanneer oor politieke sake gehandel word nie, en in 1986 verskyn 'n artikel van JH van Wyk, waarin hy verskillende kritiekpunte op die Christelik-nasionaal-gedagte bespreek. Hy kom tot die gevolgtrekking dat "die CN-lewensbeskouing te eng en te omstrede is om as lewensbeskouing te kan funksioneer" en pleit daarvoor dat dit vervang

moet word met die koninkryk van God as 'n "omvattender en indringender konsepsie" (Van Wyk, 1986:9).

3. DIE TUISLANDBELEID

Dit blyk uit die vorige afdeling dat **Woord en Daad** die ontwikkeling van die tuislande as die hoeksteen van die apartheidsbeleid gesien het. Dit het gaandeweg duidelik geword dat die beleid om die tuislande te ontwikkel tot "vaderlande" vir die verskillende swart volke nie kon slaag nie. Dit kan as die vernaamste rede gesien word waarom daar uiteindelik tot die besef gekom is dat die apartheidsbeleid misluk het.

Soos reeds vanaf die vyftigerjare gedoen is (vgl. P de Klerk 2000), pleit **Woord en Daad** in die sestiger- en sewentigerjare vir 'n sneller ontwikkelings-tempo en konsolidasie van die tuislande (Anon 1967b:5; 1968b:2). Hierdie aandrang op vinniger ontwikkeling word prinsipiël gemotiveer. Daar moet gedoen word "wat die Woord van God van ons in ons optrede teenoor die Bantoe verlang" (JH Coetzee 1968:7). Maatreëls wat 'n ondergeskikte posisie vir die swart mense in Suid-Afrika impliseer, mag slegs tydelik wees, maar kan eers afgeskaf word as die swart mense in hul eie state gevestig is (JH Coetzee 1968:7). **Woord en Daad** meen dat langs hierdie weg uiteindelik alle sweem van diskriminasie uitgewis kan word (Anon 1970c:14). Nie "halfslagtige segregasie" nie, maar algehele segregasie moet daarom die oogmerk wees (Anon 1969a:4). Aangesien daar nie verwag kan word dat swart mense na hul tuislande moet teruggestuur word as hulle daar sal "krepeer van ellende" nie (Anon 1969a:4), is nie slegs grensnywerhede nie, maar nywerhede in die tuislande vir vinniger ontwikkeling noodsaaklik (JH Coetzee 1969c:2).

Woord en Daad meen dat daar ook heelwat bykomende grond vir die tuislande gevind moet word. In 1970 word geskat dat teen 2000 slegs ongeveer die helfte van die swart mense in die bestaande gebiede gevestig kan word as hierdie gebiede behoorlik ontwikkel word. Dit sal net moontlik wees om al die swart mense in die tuislande te vestig as die gebiede drasties vergroot word. Dit sal ook wensdenkery wees om te glo dat die swart mense in net so 'n klein persentasie van Suid-Afrika se totale grondgebied tevrede sal wees (Anon, 1970c:6; 1972a:3; JH Coetzee 1972e:3,6,7). Vir **Woord en Daad** is die keuse duidelik: "'n kleiner gekonsolideerde blanke Suid-Afrika wat ons met 'n rein gewete en praktieser grense kan verdedig of die waan van 'n groter Suid-Afrika waarin ons die grond sowel as politieke soewereiniteit én volksbestaan kan verloor" (JH Coetzee 1973d:6).

In 1974 word besef dat algehele segregasie en vergroting van die tuislandgebiede alleen, in elk geval nie 'n kleiner gekonsolideerde blanke Suid-Afrika moontlik sal maak nie. Dit is onwaarskynlik dat die meeste verstedelike swart mense na die tuislande verskuif sal kan word en die blankes sal daarom, vir sover in die toekoms gesien kan word, dieselfde grondgebied met hulle en met die kleurlinge en die Indiërs moet deel. Teenoor die drie groepe saam sal die blanke 'n minderheid bly, selfs al word twee-derdes van die stedelike swart mense tog na die tuislande verplaas. Die beleid van afsonderlike ontwikkeling is dus nie 'n finale antwoord op alle probleme nie en slegs 'n deel van die oplossing (JH Coetzee 1974a:16; 1974c:2). In die middel-sewentigerjare word verklaar dat 'n kwarteeu verspeel is, waartydens die tuislande planmatig gekonsolideer en ontwikkel sou kon word, maar die moontlikheid word tog nog nie uitgesluit dat met verdere ontwikkeling onderhorigheid aan 'n "swart meerderheidsregering" afgeweer kan word nie (JH Coetzee 1975c:2,4,5; vgl. JH Coetzee 1976d:7). In 1980 verskyn daar nog 'n artikel waarin die konsolidasie van die tuislande bepleit word (CJ Coetzee 1980:16-8). Daarna figureer hierdie onderwerp feitlik nie meer in die blad nie. Daaruit, asook uit die feit dat nou artikels verskyn wat ander oplossings vir die bevolkingsvraagstuk voorstaan, kan afgelei word dat die skrywers van **Woord en Daad** in die tagtigerjare aanvaar het dat met die ontwikkeling van die tuislande nie 'n besondere bydrae gelewer kan word om Suid-Afrika se probleme op te los nie.

4. DIE BELEID TEN OPSIGTE VAN DIE KLEURLINGE EN STEDELIKE SWART MENSE

Die besef dat die tuislandbeleid nie 'n oplossing vir die toekoms van alle bevolkingsgroepe in die land inhou nie, het geleidelik sterker in die kolomme van **Woord en Daad** na vore gekom.

Anders as in die jare voor 1967 (vgl. P de Klerk 2000) word in die laat sestigerjare heelwat oor die posisie van kleurlinge geskryf. JH Coetzee (1969a:8; 1971a:14) bestempel die skepping van 'n tuisland vir die kleurlinge as onuitvoerbaar en aanvaar dat hul taal en leefwyse "blank en meerendeels Afrikaans georiënteerd" is (JH Coetzee 1969a:8). Tog is hy nie gekant teen die regering se beleid dat daar vir hulle, meesal saam met ander "nie-blankes", afsonderlike skole, hospitale, ensovoorts, tot stand gebring moet word nie (JH Coetzee 1971b:5). Die ACB bepleit, "ter wille van voorkoming van onnodige wrywing" (Anon 1972b:16), afsonderlike maar gelyke geleenthede vir hulle. Daar moet 'n politieke struktuur tot stand kom waarin blankes en kleurlinge saam geakkommodeer kan word sonder dat die een die ander kan oorheers. (Anon 1972b:16-7). JH Coetzee verwerp die idee dat die kleurlinge as Afrikaners beskou moet word, maar wys ook daarop dat dit die kleurlinge hinder dat hulle weens hul velkleur "nòg as mens nòg as Afrikaans

georiënteerde Suid-Afrikaner erken en waardeer word" (JH Coetzee 1973b:10). Hy sien dit nie as onmoontlik dat die paaië van die Afrikaner en die kleurlinge in die toekoms nader aan mekaar kan loop nie (JH Coetzee 1973b:10). Dit sou wys wees vir die blankes om die kleurlinge as bondgenote te sien, aangesien hul as minderheidsgroep eintlik in dieselfde situasie as die blankes is (JH Coetzee 1975a:6). SJ Terreblanche, 'n lid van die Erica Theron-kommissie, wat 'n regeringsondersoek na die posisie van die kleurlinge gedoen het, skryf in **Woord en Daad** dat die kleurlinge regstreekse verteenwoordiging in die regering moet kry en dat alle diskriminerende wette wat hulle raak, afgeskaf moet word (Terreblanche 1976:13). Die redaksie wys in 1982 op gebreke in die voorgestelde nuwe grondwet wat 'n driekamerparlement insluit (en wat in 1984 ingestel is), maar verwelkom dit as 'n politieke oplossing vir die kleurlinge en die Indiërs (LM du Plessis 1982b:2-4).

Wat die verstedelike swart mense betref, word die oplossing aanvanklik daarin gesoek dat hulle weens die ekonomiese ontwikkeling van die tuislande na hulle gebiede van herkoms sal terugkeer. In 1967 reeds merk 'n **Woord en Daad**-skrywer egter met merkwaardige insig in die toekoms op dat, ten spyte van die pogings om die "swaartekrag van ontwikkeling" na die tuislande te verskuif, "Bantoe-stede nog baie lank, waarskynlik permanent" sal bestaan en dat die toekoms van Suid-Afrika in baie opsigte van hierdie stede sal afhang (Anon 1967a:5). In reaksie op kritiek van die Nederlandse teoloog, Herman Ridderbos, verklaar **Woord en Daad** dat, as dit blyk dat baie swart mense uiteindelik nie na die tuislande sal terugkeer nie en "as permanente inwoners in die blanke gebiede agter gebly het, dan sal ons wel 'n Christelike oplossing daarvoor vind" (Anon 1967c:8). 'n Jaar later word erken dat die amptelike regeringstandpunt dat die stedelike swart mense net tydelik in die "blanke" gebied woon, nie heeltemal juis is nie omdat dit onwaarskynlik is dat alle swart mense uiteindelik in die tuislande gevestig sal kan word (Anon 1968b:1,2; vgl. JH Coetzee 1973c :6). Tog bestempel JH Coetzee in 1973 nog die probleem van die stedelike swart mense as 'n "uitlandervraagstuk" en hoop hy dat die suigrag van die tuislande, as daar voldoende werkgeleenthede geskep word, sal bydra tot 'n oplossing (JH Coetzee 1973e:17).

In 1976 verklaar die redaksie dat die permanentheid van die stedelike swart mense, saam met die kleurlinge en Indiërs, in die gebied buite die tuislande aanvaar moet word en dat die regering met 'n plan vorendag moet kom om hierdie groepe polities te akkommodeer, anders sal die land "binne afsienbare tyd in die onhoudbare situasie van Rhodesië" gedwing word (JH Coetzee 1976b:6). Tog word in hierdie jare die akkommodasie van die swart mense op dieselfde wyse as die kleurlinge en Indiërs, dit wil sê in een parlement saam met die blankes, nie as 'n oplossing gesien nie (JH Coetzee 1976e:4).

5. DISKRIMINASIE EN VEILIGHEIDSMATREËLS

Wanneer vandag aan die apartheidsbeleid teruggedink word, is dit die aspekte van diskriminasie en verdrukking wat deel van die apartheidstelsel uitgemaak het, wat meesal by 'n mens opkom. Reeds in die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu het buitelandse kritiek op hierdie aspekte gekonsentreer. Tog het dit taamlik lank geduur voordat **Woord en Daad** standpunt oor hierdie sake ingeneem het.

In 1968 word sogenaamde klein apartheidsmaatreëls, na aanleiding van kritiek, in **Woord en Daad** verdedig. Daar word verwys na die "onhoudbare situasies" wat daar voor 1948 geheers het in, onder meer, poskantore en treine. Op die Johannesburgse stasie, byvoorbeeld, was dit soms vir blankes onveilig. Ook die verwydering van "swart kolle" in blanke gebiede was noodsaaklik om wrywing te voorkom. Die vestiging van aparte universiteite vir verskillende bevolkingsgroepe word ook as 'n positiewe stap gesien (Anon 1968c:5-6). Selfs in 1971 word ferm verklaar "dat 'klein apartheid'...beslis noodsaaklik is in ons situasie nou en in die toekoms" (Anon 1971d:2-3). Daar word wel toegegee dat hierdie maatreëls tydelik behoort te wees en uiteindelik sal wegval as die tuislande volkome ontwikkel het, maar daar word tog aanvaar dat dit nog baie jare sal duur (Anon 1968a:1). "Klein apartheid" word nie noodwendig as sinoniem met diskriminasie gesien nie. Diskriminasie, gedefinieer "as onderskeie behandeling wat nadelig en onbillik is ten opsigte van die Bantoe en die Kleurling", word verwerp (Anon 1971d:2).

In 1970 word daar versigtig vroe gestel oor die prinsipiële aanvaarbaarheid van die Wet op Gemengde Huwelike (Anon 1970a:3-4). Soos reeds in vroeëre uitgawes (vgl. P de Klerk 2000) gedoen is, spreek **Woord en Daad** hom uit ten gunste van die "stelselmatige verslapping en diskrete toepassing" van werkreserveringsmaatreëls (Anon 1971c:18). JH Coetzee waarsku ook dat, as daar nie ontslae geraak word van "daardie reste van houdinge en praktyke wat enigszins met reg geassosieer sou kan word met die karikatuur van die landsbeleid wat as 'n 'haatlike apartheid' bekend geword het" nie, dit sal lei tot 'n versterking van 'n negatiewe houding teenoor die regering onder swart mense (JH Coetzee 1972b:10). Coetzee omskryf hierdie "reste" nie nader nie, maar skryf in 'n latere artikel dat "gevalle van skandalige en sondige en gebrekkige lone aan plaasarbeiders en aan ongeskooldes in stedelike gebiede veels te veel voorkom" (JH Coetzee 1973a:5). Hy pleit daarvoor dat die knellendste vorme van "klein apartheid" en "onbegryplike gevalle van apartheidsdiskriminasie", soos dat 'n swart geneesheer wat in diens tree van 'n openbare liggaam 'n laer salaris as 'n blanke geneesheer verdien, verwyder moet word (JH Coetzee 1974b:5). In 'n anonieme artikel word prontuit verklaar dat "die huidige stand van die Suid-Afrikaanse reg en van die sosiale struktuur in Suid-

Afrika op rassediskriminasie neerkom en ongeregtheid in die hand werk" en na voorbeelde verwys van swart mense wat in die tronk gestop word omdat hulle na tien-uur in die aand op straat geloop het of nie 'n bewysboek by hulle gehad het nie (Anon 1974:10).

In 1975 skryf JH Coetzee dat die Afrikaner nie beseft het dat die "wetlik-administratiewe struktuur" wat hy geskep het om sy voortbestaan te beveilig "verweef was in 'n breë patroon van rassegelaagdheid en diskriminasie" nie (JH Coetzee 1975b:7) en meen dat in die toekoms duideliker onderskei moet word tussen "onregverdigbare diskriminasie en verantwoorde differensiasie" (JH Coetzee 1975c:5). Na aanleiding van die Soweto-opstand in Junie 1976⁴ verklaar hy:

"Die sug na ekonomiese voorspoed het die Blankes grootliks laat handel vanuit die gesigspunt dat die Swartman slegs 'n werkkrag is, gestroop van ander menslike eienskappe waaronder politieke en sosiale strewes." (JH Coetzee 1976c:4).

In 1976 het die ACB op 'n kongres wat heelwat aandag in die pers getrek het (vgl CJ Coetzee 1998:282), die vraagstuk van geregtigheid in die Suid-Afrikaanse samelewing bespreek en dit hom ten doel gestel om "alle vorme van ongeregtheid in die bestaande bestel" te identifiseer en ondersoek in te stel na alternatiewe moontlikhede wat die "Bybelse eis om geregtigheid op maatskaplike, ekonomiese en politieke vlak" kan deurstaan (Anon 1976:3). Op 'n latere kongres word verklaar dat "sommige mense en groepe in die Suid-Afrikaanse samelewing... 'n posisie van bevoorregting" beklee en dat dit prysgegee sal moet word ten einde 'n regverdiger samelewing tot stand te bring (Anon 1981a:12).

In 1980 word gewys op die groot aantal diskriminerende wette wat nog bestaan (NJJ Olivier 1980:6). JD van der Vyver (1982:17) meen dat die status quo in Suid-Afrika in 1982 nog een van "omvangryke onreg" is. In hierdie jare bepleit die bekende prof. Erika Theron (1981:8-9) die herroeping van die Groepsgebiedewet in **Woord en Daad** (vgl ook LM du Plessis 1983b:6). Wat instromingsbeheer betref, vra die destydse redakteur, LM du Plessis, dat afskaffing die eindoogmerk moet wees en, terwyl daar nog sulke maatreëls bestaan, hulle met groot begrip en omsigtigheid toegepas moet word (LM du Plessis 1983a:9). In 1988 word in 'n redaksionele artikel daarop gewys dat die toepassing van die Groepsgebiedewet daartoe gelei het dat miljoene rande bestee is aan die verskuiwing van mense - geld wat

⁴ Dit is opvallend dat Coetzee se artikel na aanleiding van die Soweto-opstand (JH Coetzee, 1976c), waarin skerp kritiek gelewer word op regeringsbeleid en diskriminerende maatreëls, nie in die Julie-uitgawe van **Woord en Daad** as die redaksionele artikel gebruik is nie. 'n Artikel oor Westerse verdedigingsstrategie, wat beslis minder aktueel was as 'n artikel oor Soweto, het as redaksionele artikel gedien. Dit dui waarskynlik daarop dat die redaksieledede hulle nie almal met Coetzee se standpunt kon vereenselwig nie.

eerder aangewend moes word om woonbuurte te verbeter. Die voortbestaan van die wet verhoed onder meer dat leegstaande skoolgeboue deur ander bevolkingsgroepe benut word.

"Kan Suid-Afrika dergelike toestande bekostig? Meer nog: Kan ons dergelike toestande voor die Here verantwoord? Hy roep ons tot verantwoording oor onbillikheid teenoor ons naaste, maar ook oor geldverkwisting" (Van der Elst 1988:3).

Waarom is so 'n stelling nie al veel vroeër gemaak nie? Uit bostaande blyk dit dat **Woord en Daad** geleidelik al meer bewus geraak het van die diskriminerende aard van apartheidsmaatreëls, en dat praktyke soos groepsgebiede, wat eers verdedig is, later veroordeel is. Reeds aan die begin van die sewentigerjare word die afskaffing van alle vorme van diskriminasie bepleit, maar aanvanklik is die meeste sogenaamde "klein apartheidsmaatreëls" nie noodwendig as diskriminerend beskou nie. Eers geleidelik het die beskouing hieroor verander en is skerper uitsprake gelewer oor die afskaffing van diskriminerende wette.

Woord en Daad het aanvanklik ook geen kritiek uitgespreek op die veiligheidswetgewing wat die regering in die sestiger- en sewentigerjare van die twintigste eeu ingestel en toegepas het nie. Na aanleiding van die dood van Steve Biko, wat wêreldwyd opsae gemaak het, word in Januarie 1978 verklaar dat buitengewone veiligheidsmaatreëls in die situasie waarin die land hom bevind nodig is, maar dat tog indringend na veiligheidswetgewing gekyk moet word, veral omdat dit blyk dat daar leemtes is wat daartoe kan lei dat misbruike voorkom (JH Coetzee 1978:3-4). JD van der Vyver (1979:15) meen dat geen regering op die lange duur met veiligheidswetgewing die "onderdrukking van sy onderdane se weerstand teen geïnstitusionaliseerde ongeregtighede" kan volhou nie en dat die regte oplossing is om die griewe uit die weg te ruim.

6. 'N ANDER OPLOSSING?

Tot in die laat sewentigerjare van die twintigste eeu word daar nie 'n alternatief vir die apartheidsbeleid in **Woord en Daad** voorgestel nie. Daar verskyn tog reeds vanaf 1970 enkele artikels wat wys op die eenheid te midde van die verskeidenheid in Suid-Afrika en wat groter kontak tussen die bevolkingsgroepe bepleit.

In 1970 vra WJ de Klerk dat die klem in die politieke beleid nie net op verskeidenheid moet val nie, maar ook op die verbondenheid van Suid-Afrika se inwoners met mekaar, daar moet 'n "dieper beleving van ons gemeenskaplikheid" wees (WJ de Klerk 1970:8). Die beleid van afsonderlikheid mag ook geen verhinderende vir die beleving van geloofsgemeenskap wees nie (Anon 1970b:11;

Anon 1973a:10). Oorlegpleging tussen verskillende volksgroepe word ook reeds in 1973 voorgestaan (Anon 1973b:6). In 1974 skryf JH Coetzee dat die beleid van afsonderlike ontwikkeling nie die verbondenheid tussen die bevolkingsgroepe, veral tussen blankes, kleurlinge en stedelike swart mense, tot sy reg laat kom nie en daarom net 'n gedeeltelike oplossing bied (JH Coetzee 1974c:7). 'n Groter sensitiviteit vir die probleme van die verskillende bevolkingsgroepe kom veral in die tagtigerjare na vore. In 1981 spreek die ACB-hoofbestuur sy kommer uit oor die woningnood en die gevolglike gesinsversteuring onder die kleurlinge (Anon 1981b:4). Redakteur LM du Plessis (1982c:3) meen dat God van ons eis "dat ons ons konkreet met die lyding van diegene op Suid-Afrika se moederverloorvlaktes moet identifiseer". AJ du Plessis vra (1983:3) dat Christene van die verskillende bevolkingsgroepe met mekaar oor die toenemende geweld in die land moet praat; "van alle kante sal daar begrip moet wees vir mekaar se vrese en aspirasies".

Die redaksie spreek hom prinsipiële uit teen geweld as metode van verandering (CJ Coetzee 1985:2), en rewolusionêre optrede, soos wat met die Sowetopstand voorgekom het, word veroordeel (JH Coetzee 1977:4; CJ Coetzee 1981:7). Daar word ook gewaarsku dat blankes wat hervormings probeer vertraag tot verdere geweld bydra (CJ Coetzee 1981:7).

Oor die African National Congress (ANC) word daar voor 1985 feitlik nie geskryf nie. Met die verwerping van gewelddadige optrede deur swart mense word die ANC se beleid by implikasie verwerp, hoewel die ANC nie in een van die artikels waarna in die vorige paragraaf verwys word by name genoem word nie. In Desember 1985 skryf LM du Plessis dat daar "by niemand enige illusies oor die ideologiese stiksienigheid van die ANC en geen twyfel oor die onaanvaarbaarheid van die organisasie se geweldsfilosofie" behoort te bestaan nie (LM du Plessis 1985:17-8). Hy wys egter ook daarop dat die ANC vir die eerste halfeeu van sy bestaan teen geweld gekant was en meen dat die regering se optrede teenoor die ANC nie veel meer keuses vir ANC-leiers as die geweldsopsie gelaat het nie. Hy verklaar hom ten gunste van informele gesprekke met die ANC, soos in daardie tyd reeds deur sakeleiers en ander groepe gedoen is. Daar kan dus nie gesê word dat **Woord en Daad** op die voerpunt was om gesprekke met die ANC te bepleit nie.

Vanaf 1986 verskyn daar meer artikels waarin die kwessie van kontak met die ANC aan die orde kom. In 'n redaksionele artikel wys Du Plessis daarop dat Christene die plig het om die rol van vredemakers te vervul. Hulle moet sowel die regering en die ANC van geweld laat afsien. Die regering moet daarop gewys word dat sy beleid om nie met die ANC te onderhandel nie tot voortgesette oorlog en geweld lei, en by die ANC moet dit tuisgebring word dat sy eis dat die regering eers heeltemal met apartheid moet wegdoen ook verdere geweld bevorder (LM du

Plessis 1986b:2-4). **Woord en Daad** laat hom dan ook positief uit oor die op-spraakwekkende gesprek, gedurende Julie 1987, met die ANC in Dakar, van 'n aantal Suid-Afrikaners, wat onder andere LM du Plessis en ds. T Eloff, voorsitter van die Reformatoriese Beweging van Suider-Afrika, ingesluit het (Van der Elst 1987:2, 19-20; Anon 1987:6). As die reis na Dakar gesien word as 'n poging om meer kennis te verwerf oor wat die "ANC-ideoloë verkondig", was dit nie "'n dwase onderneming en uitverkopery" soos wat dit deur regeringsleiers bestempel is nie (Van der Elst 1987:19). In 1987 en 1988 verskyn daar 'n reeks artikels waarin gedebatteer word oor die vraag of Christene en Marxiste (en by name die ANC) met mekaar gesprek mag voer (Snyman 1987; Raath 1988).

Terwyl in 1986 nog 'n artikel gepubliseer word waarin verklaar word dat Nelson Mandela nie uit die tronk vrygelaat behoort te word voordat hy geweld afgesweer het nie (Raath 1986:7, 19-20), word in Augustus 1988 daarvoor gepleit dat hy onvoorwaardelik vrygelaat word (Anon 1988:2, 18). Met die vrylating van Mandela in Februarie 1990, verskyn daar 'n ope brief aan hom (Anon 1990:3) en word die wens uitgespreek dat die Christendom as 'n verenigende krag in die "nuwe Suid-Afrika" sal werk. Die inisiatiewe wat pres. FW de Klerk na sy ampsaanvaarding in September 1989 geneem het om onderhandelinge op dreef te kry, en veral sy ontbanning van die ANC in Februarie 1990, word hartlik verwelkom. Die redaksie spreek die hoop uit dat deur onderhandeling 'n oplossing gevind kan word wat vir almal aanvaarbaar is (Krugger 1989b:12-4; Van der Elst Du Plessis en Moraal 1990:3).

Hoewel die redaksie dit vanaf die tagtigerjare as 'n onafwendbaarheid sien dat 'n nuwe politieke bedeling vir die land waarin alle volksgroepe geakkommodeer word, tot stand moet kom, word daar nie baie geredeneer oor watter soort bedeling die mees wenslike sou wees nie. In 1977 word nog gewaarsku teen 'n stelsel waarin die swart mense buite die tuislande in 'n nuwe konstitusionele bedeling gehuisves kan word, soos met die kleurlinge en Indiërs beoog is, omdat dit tot swart oorheersing sal lei. Daar moet gesoek word na 'n weg van "geen baasskap van een 'stam' oor 'n ander nie en die handhawing van Christelike beskawingswaardes" (Esterhuyse 1977:19). In November van daardie jaar word 'n konsosiatiewe regeringstelsel deur die ACB as 'n oplossing vir die land voorgedou, hoewel daar ook nog vir die onafhanklikwording van tuislande voorsiening gemaak word (Anon 1977:4-7). Ook in 1982 sien die **Woord en Daad**-redaksie in so 'n model 'n moontlike oplossing (LM du Plessis 1982d:5).

Teen 1988 word in 'n artikel verklaar dat 'n swart meerderheidsregering teen die jaar 2000 meer as net 'n vae moontlikheid is (LM du Plessis 1988:15). In September 1989 word dit as die gewenste resultaat van onderhandeling gesien dat 'n

regstaat tot stand kom asook 'n grondwet, wat onder meer stemreg vir alle volwasse en 'n "formule vir die vreedsame saam- en naasbestaan van alle samestellende dele van die bevolking" behels (Kruger 1989a:4; vgl. Kruger 1990:3). Daar word ook geleidelik meer klem gelê op die rol wat 'n menseregte handves kan speel om 'n aanvaarbare politieke bedeling te verseker. In die vroeë sewentigerjare (Anon 1970d:1) laat **Woord en Daad** hom nog taamlik negatief uit oor menseregte en wys op die "liberalistiese" konteks waarin die begrip meesal gebruik word, maar reeds in 1973 word tog, met verwysing na die opvattinge van die Calvinistiese filosoof HG Stoker, aangedui dat die begrip in 'n Christelike konteks gebruik kan word en dat menseregte eerbiedig behoort te word, omdat God mense regte gee op grond van hul amp, status en roeping (JH Coetzee 1972d:12). In 1979 beredeneer die regsgeleerde LM du Plessis (1979:6-8) die filosofiese argumente vir en teen 'n menseregte-akte. Hy meen dat so 'n akte in 'n nuwe grondwet, wat toe reeds in die vooruitsig gestel is (maar eers in 1984 geïmplementeer is), ingesluit behoort te word. In so 'n akte kan die verhouding tussen owerheid en onderdaan duidelik omlyn word en kan ook bepaal word dat die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag van mekaar geskei bly. In September 1989, toe dit duidelik geword het dat omvattende onderhandelinge met die oog op 'n nuwe politieke bedeling voor die deur staan, vra J Kruger (1989a:3) dat die regering die standpunt moet inneem dat 'n handves van menseregte in 'n moontlike nuwe grondwet opgeneem word. Hy meen dat dit 'n belangrike kontrolemeganisme kan wees om minderheidsregte te beskerm.

7. SLOTBESKOUING

Dit blyk dat **Woord en Daad** se volksbeskouing 'n kardinale rede was waarom apartheid (of afsonderlike ontwikkeling) nog tot in die sewentigerjare van die twintigste eeu as hoofoplossing vir Suid-Afrika se politieke vraagstukke voorgestaan is. Die sentrale rol wat volke in die **Woord en Daad**-redaksie se denke gespeel het, hang saam met die invloed van Afrikanernasionalisme, maar verteenwoordig ook 'n denkrigting wat in Europa sedert die vroeë negentiende eeu algemeen voorgekom het. Die negentiende eeu was die eeu van nasionalisme in Europa en ook Calvinistiese denkers soos A Kuyper is hierdeur beïnvloed (vgl. Strauss 1993:323-36). JH Coetzee en andere het in hierdie opsig dus by die beskouinge van Kuyper, HG Stoker en ander filosowe in die Calvinistiese denkradisie aangesluit. As ons vandag hierdie beskouinge bekyk, lyk dit of daar darem te maklik aanvaar is dat Zoeloes, Xhosas, Tswanas, ensovoorts, volke is wat verkieslik elk 'n eie vaderland behoort te hê en ook wil hê. Verder wil dit voorkom of by die motivering van hierdie beleid op Bybelse gronde, die Bybel te veel deur 'n nasionalistiese bril gelees is. Daar word in die bladsye van **Woord en Daad** ook nie veel besinning gedoen oor die feit dat die skeidingsmaatreëls hoofsaaklik op

grond van ras en nie op grond van volks- of kultuurverskille gemaak is nie. Daar is, soos in afdeling 5 aangetoon, wel besef dat daar inkonsekwensies in die beleid was en al meer daarop aangedring dat die verskille wat bloot op ras gegrond is, moet verdwyn.

Hoewel **Woord en Daad** meesal 'n kritiese houding teenoor regeringsoptrede ingeneem het en veral sterk geagiteer het vir vinniger tuislandontwikkeling, is die breë rigting van regeringsbeleid steeds gesteun. Teen 1979, toe WP Esterhuys se boek **Afskeid van apartheid** verskyn het, het **Woord en Daad** reeds aanvaar dat die tyd verby was om 'n oplossing deur ontwikkeling en vergroting van die tuislande te vind. Net so min as die regering het **Woord en Daad** in daardie periode met 'n alternatiewe oplossing na vore gekom. In die politieke stryd tussen die "verligtes" en "verkrampptes" van die sewentiger- en tagtigerjare (vgl. Liebenberg 1993:423-7, 474-6) het **Woord en Daad** duidelik die kant van die "verligtes", wat besef het dat hervorminge nodig is, gekies, maar tog gehoop dat 'n politieke model gevind kon word waar die blankes mag met ander groepe deel, maar nie prysgee nie. Soos die regering, het **Woord en Daad** 'n meer pragmatiese benadering tot die ernstige politieke vraagstukke van die land getoon. Ná die duidelike koers wat aanvanklik aangedui is, lyk die benadering vanaf die middel-sewentigerjare byna na een van koersloosheid. Dalk was dit tog in die omstandighede die beste weg om te volg. Daar is besef dat **Woord en Daad** vroeër te maklik met antwoorde gekom het en dat dit uiteindelik geblyk het dat daar nie genoeg met die praktiese omstandighede rekening gehou is nie. JH Coetzee (1976c:4) het ná die Soweto-opstand tereg verklaar dat hierdie gebeure aangetoon het dat "ons vereenvoudigde denke en utopiese idees oorboord moet gooi". Soos in die vorige afdelings aangetoon, is daar ook al meer besef dat die Afrikaner nie meer in 'n posisie was om die toekoms van die land te bepaal nie en hom eerder moes voorberei vir omstandighede waar hy nie meer die mag in hande het nie.

Woord en Daad se koersverandering het nie vroeër as dié van die Nasionale Party gekom nie. Die veranderinge in die denke van die redaksie van **Woord en Daad**, soos dit in die artikels na vore gekom het, het hoofsaaklik dieselfde patroon as dié van die leiers van die Nasionale Party en leidende Afrikanerintellektuele gevolg. Daar moet wel in gedagte gehou word dat **Woord en Daad** nie sy hoofsaaklik blanke Afrikaanse lesers van hom wou vervreem met te skerp kritiek of met te radikale standpunte nie. Hierbenewens sou skerp kritiek teen regeringsbeleid redaksieledede in botsing met die universiteitsowerhede kon bring, soos sommige redaksieledede en skrywers in die blad ook ervaar het (vgl. CJ Coetzee 1998:282-4; LM du Plessis 1999:132).

Reeds vanaf die vroeë jare het **Woord en Daad** beklemtoon dat Bybelse beginsels van geregtigheid en liefde teenoor die naaste die vernaamste kriterium is waaraan 'n rasse- of volkebeleid moet voldoen (vgl. P de Klerk 2000), maar daar is tot in die sewentigerjare geglo dat die apartheidsbeleid wel aan hierdie vereistes beantwoord en dat selfs sogenaamde "klein apartheidsmaatreëls" nie noodwendig op ongeregtigheid neerkom nie. Geleidelik het die besef sterker geword dat al hierdie maatreëls nie die toets van geregtigheid kan deurstaan nie en is daar aangedring op uitkakeling van diskriminasie. Geregtigheid is steeds voorgehou as die oogmerk wat nagestreef moet word, maar daar is groter versigtigheid aan die dag gelê om oplossings uit te spel wat hierdie toets kan deurstaan. Met die toename in geweld is geweldloosheid en die nastrewing van vrede as Christelike beginsels beklemtoon en op grond hiervan is gesprek tussen die regering en die ANC voorgestaan enkele jare voordat die regering hiertoe oorgegaan het.

Daar is relatief min geskryf oor besondere gevalle van diskriminasie en onreg in die Suid-Afrikaanse samelewing, soos byvoorbeeld die gedwonge verskuiwings uit woonbuurte. Dit sou gesien kon word as ongevoeligheid teenoor hierdie sake, maar daar moet in gedagte gehou word dat **Woord en Daad** 'n maandblad was wat nie probeer het om kommentaar op alle gebeure te gee nie. Daar is eerder gepoog om prinsipiële riglyne te trek en oor breë beleidsake te skryf. As 'n mens vandag na hierdie artikels kyk, kom dit tog voor of **Woord en Daad** se benadering te teoreties was en die geweldige praktiese probleme en ook die lyding wat deur die regeringsbeleid meegebring is in 'n groot mate misgekyk is.

Soos reeds in die inleiding genoem, het die politieke verdeeldheid in Afrikanergeledere meegebring dat **Woord en Daad** se stem minder gesaghebbend geword het en net deur 'n deel van sy vroeëre ondersteunerskorps gehoor is. Op 'n baie versigtige wyse, om nie sy oorblywende ondersteuners verder te vervreem nie, het **Woord en Daad**, vanaf ongeveer 1980, tog sy lesers probeer voorberei vir die ingrypende politieke veranderinge van die negentigerjare.

BRONNE

Anon 1967a. Bantoe-stede kan sentrums van strategiese betekenis word. **Woord en Daad**, 9(58): 5, Mei.

Anon 1967b. Konsolidasie van die tuislande. **Woord en Daad**, 9(64): 5,10. November.

- Anon 1967c. Vooraanstaande teoloog waardeur wat gedoen word, twyfel tog. **Woord en Daad**, 9(60): 1,5,7,8, Julie.
- Anon 1968a. Kragdaad nodig. **Woord en Daad**, 10(75): 1,2, November.
- Anon 1968b. S.A. realisme vereis nie-blanke nasiebou. **Woord en Daad**, 10(69): 1,2, Mei.
- Anon 1968c. Twintig jaar N.P.-bewind het baie vrugte. **Woord en Daad**, 10(71): 5,6, Julie.
- Anon 1969a. Algehele segregasie die oogmerk. **Woord en Daad**, 11(78): 3,4, Februarie.
- Anon 1969b. Volk- en nasieskap in Suid-Afrika, **Woord en Daad**, 11(79): 1,2, Maart.
- Anon 1970a. Gereformeerde Sinode en gemengde huwelike. **Woord en Daad**, 12(91): 3-4, April.
- Anon 1970b. Kerkroeping, volkere en politieke beleid. **Woord en Daad**, 12(90):11-3, Maart.
- Anon 1970c. Nuwe gedagtes oor tuislande: Bantoes behoort self grond te kan bykoop. **Woord en Daad**, 12(99): 6-7, Desember.
- Anon 1970d. Ophef oor menseregte, maar opofferinge oor volksregte misken. **Woord en Daad**, 12(89): 1,2, Februarie.
- Anon 1970e. Wêreldraad van Kerke en rassevraagstuk. **Woord en Daad**, 12(92): 14, Mei.
- Anon 1971a. Diskussie oor Afrikaneridentiteit. **Woord en Daad**, 13(103): 9-11, April.
- Anon 1971b. Waarom verwerp ons integrasie? **Woord en Daad**, 13(110): 7, November.
- Anon 1971c. Werkreservering (3). Toepassing moet met oorleg geskied. **Woord en Daad**, 13(108): 17-8, September.

- Anon 1971d. "Woord en Daad" en regeringsbeleid. **Woord en Daad**, 13(104): 2-3, Mei. (Redaksionele artikel.)
- Anon 1972a. Afrikanerdenke. **Woord en Daad**, 14(112): 3-4, Januarie.
- Anon 1972b. Die A.C.B. en die Kleurlinge. **Woord en Daad**, 14(122): 16-7, November.
- Anon 1973a. Kerk en ras by die Gereformeerde Ekumeniese Sinode 1972. **Woord en Daad**, 14(129): 10, 12, Junie.
- Anon 1973b. Rewolusie - alarm of werklikheid? **Woord en Daad**, 14(126):2,6-9, Maart. (Redaksionele artikel.)
- Anon 1974. Die (R)evolusie in Suid-Afrika, deel I. **Woord en Daad**, 15(147), 10-1, Desember.
- Anon 1976. Besluite van die ACB-kongres geneem op 15 en 16 Oktober 1976. **Woord en Daad**, 16(172): 3-4, Desember.
- Anon 1977. Eenheid in verskeidenheid. Die ACB se antwoord op meerderheidsregering. **Woord en Daad**, 17(183): 4-7, November.
- Anon 1981a. Beginselraamwerk vir 'n verklaring van voorneme. **Woord en Daad**, 21(232): 12, Desember.
- Anon 1981b. Kommer oor Kleurlinge. **Woord en Daad**, 21(229): 4, September.
- Anon 1982. "Moenie ter wille van vrede swyg". **Die Transvaler**, 8 Mei 1982: 4. (Berig.)
- Anon 1987. Verklaring van REBSA-bestuur. **Woord en Daad**, 27(301): 6, September.
- Anon 1988. Mandela 70 jaar - kan ons langer uitstel? **Woord en Daad**, 28(312): 2, 18, Augustus. (Redaksionele artikel.)
- Anon 1990. An open letter to Mr Mandela. **Woord en Daad**, 30(327): 3, Januarie-Februarie

- Coetzee CJ 1980. Die noodsaak van konsolidasie. **Woord en Daad**, 20(210): 16-8, Februarie.
- Coetzee CJ 1981. Die mislukking van reformasie. **Woord en Daad**, 21(224): 6-8, April.
- Coetzee CJ 1985. Waar staan Woord en Daad? **Woord en Daad** 25(274): 2-3, Junie. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee CJ 1998. Die PU vir CHO en die rasse- en volkereproblematiek. **Koers**, Supplement 1: 273-92.
- Coetzee JH 1968. Sneller tempo mag nie agterweë bly nie. **Woord en Daad**, 10(76): 7, Desember-Januarie.
- Coetzee JH 1969a. Bantoe-ontwikkeling en Kleurlinge se toekoms. **Woord en Daad**, 11(79): 8, Maart.
- Coetzee JH 1969b. Calvinisme in politieke geding. **Woord en Daad**, 11(82): 2,3,8, Junie.
- Coetzee JH 1969c. Tuislandontwikkeling: vinniger, maar hoe? **Woord en Daad**, 11(80): 1,2,9, April.
- Coetzee JH 1970. Beseieling vir 'n nuwe toekoms. **Woord en Daad**, 12(96): 14-6, September.
- Coetzee JH 1971a. Tuisland vir Kleurlinge prinsipieel gaaf, maar onuitvoerbaar. **Woord en Daad**, 13(111): 13-5, Desember.
- Coetzee JH 1971b. Volk(?) sonder land? (III). **Woord en Daad**, 13(102): 2,4,5, Mrt. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1972a. Afrikaner - Suid-Afrikaner. **Woord en Daad**, 14(119): 2,4,5, Augustus. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1972b. Aparte onapartheid (II). **Woord en Daad**, 14(122): 9-10, November.
- Coetzee JH 1972c. In die naam van die Christendom (2). **Woord en Daad**, 14(115): 2,5,6, April. (Redaksionele artikel.)

- Coetzee JH 1972d. "Kampvegters" misken sommige "mense-regte". **Woord en Daad**, 14(113): 10-2, 20, Februarie.
- Coetzee JH 1972e. Tuislande: grond en grense. **Woord en Daad**, 14(122): 2,3,6,7, November. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1972f. Van wanneer af beteken Christelik-nasionaal twee stelde beginsels? **Woord en Daad**, 14(117): 2, Junie. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1973a Die arbeider en sy loon. **Woord en Daad**, 14(132): 2,5,6, September. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1973b. Kleurlinge en Afrikaners. **Woord en Daad**, 14(130): 10, Julie.
- Coetzee JH 1973c. Knelpunte in ons volkereverhoudinge. **Woord en Daad**, 14(128): 2,6,7, Mei. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1973d. Konsolidasie - finaal? **Woord en Daad**, 14(130): 2, 6, Julie. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1973e. Die nie-tuislandse Bantoes. **Woord en Daad**, 14(134): 17, November.
- Coetzee JH 1974a. Die federasiegedagte in die Suid-Afrikaanse politiek. **Woord en Daad**, 15(140): 15-7, Mei.
- Coetzee JH 1974b. "Klein apartheid." **Woord en Daad**, 15(139): 2,5,6, April. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1974c. Politieke strooiversnelling. **Woord en Daad**, 15(146): 2,6,7, November. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1975a. Die Bruin Suid-Afrikaners (Suid-Afrika se volkerebeleid: waarheen? V). **Woord en Daad**, 15(156): 2,6,7, September. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1975b. Suid-Afrika se volkerebeleid: waarheen? (I). **Woord en Daad**, 15(151): 7-9, April.

- Coetzee JH 1975c. Suid-Afrika se volkerebeleid: waarheen? (II). **Woord en Daad**, 15(154): 2,5,6, Julie. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1976a. Afrikaners, nasionalisme en kerk. **Woord en Daad**, 16(166): 17-9, Julie.
- Coetzee JH 1976b. Dis tyd vir 'n positiewe plan. **Woord en Daad**, 16(170): 2,5,6, November. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1976c. Dit brand in Soweto. **Woord en Daad**, 16(166): 3-4, Julie.
- Coetzee JH 1976d. Heropbou, herbesin en herbegin. **Woord en Daad**, 16(167): 2,6,7, Augustus. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1976e. Nie rebellie (opstand) nie, maar vorentoe. **Woord en Daad**, 16(172): 2,4,5, Desember. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1977. Die rook van Soweto: van geweld tot geweld. **Woord en Daad**, 17(182): 3,4, Oktober.
- Coetzee JH 1978. Redaksionele aantekeninge, **Woord en Daad**, 18(185): 2,4, Januarie. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1980a. Bittereinders, hensoppers en voort-trekkers (II), **Woord en Daad**, 20(214): 2-4, Junie. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1980b. Bittereinders, hensoppers en voort-trekkers (VII), **Woord en Daad**, 20(219): 2-4, November. (Redaksionele artikel.)
- Coetzee JH 1983. 'n Volk gaan nie ten gronde vanweë getalle nie. **Woord en Daad**, 23(245): 6-8, Februarie.
- Coetzee JH 1989. Min. F.W. de Klerk en die Indaba. **Woord en Daad**, 29(322): 2-4, Junie. (Redaksionele artikel.)
- De Klerk P 2000. Die tydskrif **Woord en Daad** en die apartheidsbeleid, 1954-1966. **Joernaal vir Eietydse Geskiedenis**, 25(1): 72-88.
- De Klerk WJ 1970. Verhoudingspolitiek. **Woord en Daad**, 12(97): 8-10, Oktober.

- Du Plessis AJ 1983. Weerwraak en reg. **Woord en Daad**, 23(252): 2-3, Augustus. (Redaksionele artikel.)
- Du Plessis LM 1979. 'n Menseregte-akte vir die Republiek? **Woord en Daad**, 19(198): 6-8, Februarie.
- Du Plessis LM 1982a. Gee ons dan politieke vaste spysse! **Woord en Daad**, 22(238): 2-3, Junie. (Redaksionele artikel.)
- Du Plessis LM 1982b. Hierdie plan kan "werk" mits... **Woord en Daad**, 22(241): 2-4, September. (Redaksionele artikel.)
- Du Plessis LM 1982c. Is magsdeling werklik 'n skeurfaktor? **Woord en Daad**, 22(241): 14-5, September.
- Du Plessis LM 1982d. Koelkop bly! **Woord en Daad**, 22(238): 5, Junie. (Tweede redaksionele artikel.)
- Du Plessis LM 1982e. Lyding kan louter. **Woord en Daad**, 22(234): 2-3, Februarie. (Redaksionele artikel.)
- Du Plessis LM 1983a. Bevolkingsverspreiding moet uit die politieke arena. **Woord en Daad**, 23(252): 8-9, Augustus.
- Du Plessis LM 1983b. (Rasse-)diskriminasie is geen middelmatige saak nie. **Woord en Daad**, 23(253): 6-7, September.
- Du Plessis LM 1984. 'n Gedeelde kultuur is 'n lewende kultuur. **Woord en Daad**, 24(264): 2, Augustus.
- Du Plessis LM 1985. "Afrikanerskuld" ...en gesprek met die ANC. **Woord en Daad**, 25(280): 17-8, Desember.
- Du Plessis LM 1986a. Ons moet mekaar nie misverstaan nie. **Woord en Daad**, 26(283): 2-3, Maart. (Redaksionele artikel.)
- Du Plessis LM 1986b. Optimisme is peperduur! **Woord en Daad**, 26(282): 2-4, Februarie. (Redaksionele artikel.)
- Du Plessis LM. 1988. Die RSA in die jaar 2000; 'n politieke toekomsblik. **Woord en Daad**, 28(315): 11-5, November.

- Du Plessis LM 1999. Die verdienstes en tekortkominge van 'n alsydige regs-akademikus. 'n Kritiese waardering van Johan van der Vyver se bydrae tot die regswetenskap in Suid-Afrika. **Koers**, 64(2&3): 131-56.
- Esterhuysen WP 1977. Struikelblokke op die weg van beleidsontwikkeling (I). **Woord en Daad**, 17(181): 17-9, September.
- Esterhuysen WP 1979. **Afskeid van apartheid. Opstelle oor rassediskriminasie**. Kaapstad: Tafelberg.
- Kruger J 1989a. Onderhandeling: diagnose en prognose. **Woord en Daad**, 29(325): 2-4, September. (Redaksionele artikel.)
- Kruger J. 1989b. Regering neem weer die inisiatief in onderhandeling. **Woord en Daad**, 29(326): 12-4.
- Kruger J 1990. Nuwe reëls vir die nuwe Suid-Afrika. **Woord en Daad**, 30(328): 2-3, Maart-April. (Redaksionele artikel.)
- Liebenberg BJ 1993. Part 5: 1966-1991. (Liebenberg, BJ. & Spies, SB, eds. **South Africa in the twentieth century**. Pretoria: Van Schaik: 421-540.)
- Maritz CJ 1986. Johannes Hendrik (Hennie) Coetzee. In Potchefstroomse Universiteit vir CHO (uitg.) **Kompas en kontoer. Huldigingsbundel aan prof. Hennie Coetzee**, 1-7. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Olivier NJJ 1980. Is apartheid werklik dood? **Woord en Daad**, 20(209): 6-8, Januarie.
- Potchefstroomse Universiteit vir CHO (uitg.) 1986. **Kompas en kontoer. Huldigingsbundel aan prof. Hennie Coetzee**. Potchefstroom: PU vir CHO.
- Raath AWG 1986. Behoort Nelson Mandela vrygelaat te word? **Woord en Daad**, 26(286): 7, 19-20, September.
- Raath AWG 1988. Onderhandelinge met die ANC. **Woord en Daad**, 28(306): 12-4, Februarie.

- Snyman JJ 1987. 'n Gesprek tussen Christene en Marxiste - kan dit? **Woord en Daad**, 27(302): 7-8, Oktober.; 27(303): 10-1, November.; 27(304): 3-4, Desember.
- Strauss PJ 1993. Abraham Kuyper, ras en volk - en Suid-Afrika. **In die Skriflig**, 27(3): 323-36.
- Terreblanche SJ 1976. Kleurlinge: in die lig van vernuwning (uitbouing) van die beleid van afsonderlike ontwikkeling. **Woord en Daad**, 16(169): 11-3, Oktober.
- Theron E 1981. Distrik Ses - heroorweeg? **Woord en Daad**, 21(232): 8-9, Desember.
- Treurnicht AP 1975. **Credo van 'n Afrikaner**. Kaapstad: Tafelberg.
- Van der Elst J 1987. Die reis na Dakar. **Woord en Daad**, 27(300): 2, 19, 20, Augustus. (Redaksionele artikel.)
- Van der Elst J 1988. Drama in Februarie. **Woord en Daad**, 28(307): 3, Maart. (Redaksionele artikel.)
- Van der Elst J, Du Plessis W en Moraal H 1990. 'n Boodskap van hoop. **Woord en Daad**, 30(327), Januarie-Februarie. (Redaksionele artikel.)
- Van der Vyver JD 1979. Veiligheidswetgewing in Suid-Afrika. **Woord en Daad**, 19(208): 14-5, Desember.
- Van der Vyver JD 1982. Hoe ver het ons gevorder? **Woord en Daad**, 22(235): 16-7, Maart.
- Van Wyk JH 1986. Christelik-nasionaal of Koninkryk van God? **Woord en Daad**, 26(289): 8-9, September.
- Vorster JM 1980. Die ACB onder die soeklig. **Woord en Daad**, 20(220): 10-2, Desember.